

Die Vrug van die Gees

Uittreksel van pastoor Nesor se preek:. B191a Eng/Afr

Kernvers: 22 – ‘Maar die vrug van die Gees is

- *liefde,*
- *blydskap,*
- *vrede,*
- *lankmoedigheid,*
- *vriendelikheid,*
- *goedheid,*
- *getrouheid,*
- *sagmoedigheid,*
- *selfbeheersing.’*

As jy ‘n boom plant of saad in die grond saai, dan moet dit uiteindelik die vrug voortbring. As die boom nie vrug dra nie, word dit uitgekap en ‘n ander een word geplant.

So sal dit vir ons as Christene ook niks baat al sou ons al die regte dinge glo en bely maar daar is geen vrug in ons lewens nie. Die wêreld moet na ons kan kyk en sê: ‘Ek begeer so ‘n lewe!’ As daar dus vrug in ons lewens is sal ander ons respekteer vir wat ons glo.

Liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing. Die Here se Woord was nooit bedoel om vir ons ‘n ideaal voor te hou wat nooit bereik kan word nie.

Maar ons probleem is dat ons nie genoeg erns van hierdie saak maak nie. Ons moet strewende daarna, ons daarop beywer om dit te bekom – dit moet ons mikpunt wees. Kan ons werklik vir mense vertel wat ons glo?

Dit is iets wat van binne moet kom soos die vrugte aan ‘n boom; dit kom vanaf die wortels tot in die stam en takke en daaraan groei die vrugte. Dis die Heilige Gees wat deur my moet werk as ek ‘n volkome oorgegewe lewe lei en gehoorsaam is aan die Here.

Jesus het gesê: ‘Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van hom self as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie’ (Joh. 15:4). As ons Hom gehoorsaam sal die Gees in ons harte kom werk om daardie vrugte voort te bring.

Dit is dus die Gees wat die vrug dra deur my....